**Huiswerkvel 12 (Hoofstuk 6)**
**Memorandum**

1. Wat word geïmpliseer deur die titel van die leesstuk? (1) [DV 5/6]
   *Kouga is ʼn wonderlike plek om vakansie te hou.* (vlak 5/6)

2. Waar stop die skrywer vir koffie en ontbyt op die lang pad? (1) [DV 1/2]
   *Wimpy op Riversdal.*

3. Verduidelik die volgende sin in jou eie woorde: "ʼn Paar uur later sluk die mond ons met natpakke in." (1) [DV 5/6]
   *Die spreker/groep het gaan swem in die mond (waar die rivier en see bymekaarkom) met hulle duikpakke (wetsuits)aan.*

4. Hoe kom die spreker tot in die mond? (1) [DV 1/2]
   *Met kajaks.*

5. Waar bly die spreker? (1) [DV 1/2]
   *In Kaap St. Francisbaai oorkant die ligtoring.*

6. Wat dink jy is ʼn "mekka" as die spreker verwys na ʼn "Branderplank-mekka"? (1) [DV5/6]
   *Die beste plek waar ʼn klomp mense bymekaarkom om branders te ry / Almal kom soontoe omdat dit die beste plek is om branders te ry [enige sinvolle antwoorde].*

7. Watter tipe akkommodasie bied St. Francisbaai Vakansieoord? (3) [DV 1/2]
   *vyfster-, driester- en rugsakstapperakkommodasie*

8. Hoekom besoek baie mense St. Francisbaai en Jeffreys? (1) [DV 1/2]
   *Om branderplank te ry*

9. WAAR OF ONWAAR? Motiveer jou antwoord. Addo Adrenalien is bekend vir olifante. (2) [DV 3/4]
   *Onwaar. Addo Adrenalien is bekend vir die langste zipline in Suid-Afrika*

10. Wanneer het Addo Adrenalien hul deure oopgemaak? (1) [DV 1/2]
    *Oktober 2013*

11. Voltooi die idiomatiese uitdrukking wat te doen het met "bang" en gee die betekenis daarvan (2). [DV 1/2]
    Liewer bang *Jan as dooie Jan* (1) – *Jy is eerder versigtig as om beseer te word [enige relevante verklaring]* (1)

Totaal: 15